

**BEROEPENUUS– (verlede Sondag)****Beroepe ontvang**

Ds. C Jooste van Wonderboompoort na Koster

**Beroepe aanvaar****Beroepe bedank**

Dr. GJ Meijer van Pretoria Oos-Moot na Heidelberg

**DIE WAARHEID BEGIN MET AMEN – J van Bruggen**Amen en uit

“Die waarheid begin met Amen”: so ’n opskrif lyk vreemd, ongewoon. In ons gedagtegang staan ‘Amen’ nooit aan die begin, maar altyd aan die einde. Dit begin met die waarheid en daarop volg dan die ‘Amen’. Wie ‘Amen’ sê, beaam iets. ’n Preek se ruspunt lê in die ‘Amen’ aan die einde. En ’n gebed word in volle vertroue met ‘Amen’ afgesluit.

Amen en waarheid

Hoe sou die waarheid dan nou met amenkon begin? Dit is nie alleen strydig met waaraan ons gewoond is nie. Dit lê dieper. Veral in ons tyd. Die woord amen straal sekerheid uit en die moderne mens is nie so gou seker van iets nie. Eintlik ontbreek die woord amen in die 21ste eeuse mens se woordeskat. Met amen maak jy jouself vas. Jou vryheid word ingeperk deur iets waaraan jy jou verbind. En so iets lyk tog skadelik vir die mens as méns? Is waarheid nie iets wat jy moet ervaar, jou op een of ander manier moet raak of aanspreek nie? Is waarheid nie die slotsom van ’n persoonlike soektog wat jou van hoër gesag losmaak om jou eie waarheid te vind wat by jou pas, en jou ook vrylaat om jouself te wees nie? Op so ’n waarheid kan ’n mens dan ‘amen’ sê, maar dit is dan ook nie vir ewig nie. So ’n ‘amen’ is ’n slotsom wat jy vir jouself maak. Aan die begin is die soeke en aan die einde miskien die vind. As daar dan nog plek vir die woordjie amen in hierdie eeu is, is dit nooit aan die begin nie. Dit lyk onmenslik en nie vry nie. *Word vervol*

**GEMEENTEKAMP**– Ons jaarlikse gemeentekamp vind DV. hierdie jaar 20-22 Sept. 2013 plaas. Ons wil dit naby Pretoria hou by Mopani-lodge. Al die gegewens is op die kennis-gewingbord. Die kostes is duidelik uiteengesit. Kom ons skryf ons name op van wie almal saamgaan. As daar enige onduidelikheid, probleme of hulp is wat u verlang om die kamp by te woon kan u oudl. Boere Smith kontak– 0834823303. Ons is dankbaar vir die reëlings wat br. Boere en die kommissie klaar getref het. Ons maak dit vir hulle makliker en voltooi solank ons inskrywings en doen ons inbetalings. Merk net duidelik *Gemeentekamp*

25/06– Carel Kruger 0824792969	27/06– Nico Venter 0844053309
25/06– Giovanni Steenekamp 0727481060	28/06– Hanneltjie Wolmarans 012 322 8232 UITB 25
26/06– Elize Joubert 0722334045	29/06– Jansie van Tonder 0827761830
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

**Baie geluk met u verjaarsdag**

Die skelmste hond het genoeg regsgevoel om sy besit van die gesteelde been te verdedig –CJ Langenhoven

# Die Krugertjie

**Gereformeerde kerk Pretoria(d)****www.gkpretoria.org.za OF****www.gk-pretoria.weebly.com**

Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder

0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za

Faks:0123265287


Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Orrelis: Sr. Hanneltjie Bezuidenhout : 0837415173

**23 Junie 2013**
**EERSTE EREDIENS–(9h00 )****Skriflesing:**1 Thessalonicense 5:1– 28**Teks:** 1 Thessalonicense 5:9, 16–22**Sing:** Ps. 66:1,4; Ps. 86:8; Ps. 31:1,3,5

Ps. 100:1,2,3

**GOD SE WIL WAARVOOR HY  
ONS BESTEM**

So koppel ons tekseverse ook aanmekaar. Vers 9 dit waarvoor God ons bestem het... vers 18 dit wat God se wil vir ons is.

Daar is so baie om voor dankbaar te wees. Die dankbaarheid word voorafgegaan deur altyddeur bly te wees. En sonder ophou te bid.

Hier stel Paulus dit egter aan die gemeente nie dat ek net soms bly moet wees, soms moet bid, soms dankbaar moet wees nie, maar al drie doen dit gedurigdeur, sonder ophou. Is dit moontlik?!

**KATKISASIE**– Katkisasie het vir die kwartaal reeds afgesluit

**TWEDE EREDIENS– (10h30)****Skriflesing:** Jesaja 62;

1 Korintiërs 11:17-34

**Kategismus:** Sondag 28**Teks:** Jesaja 62:5; 1 Korintiërs 11:23-26**Sing:** Ps. 25:2,7; Ps. 119:48; Ps. 89:2**DIE NAGMAAL**

Die Nagmaal is ’n verbondsteken, maar dit is ook ’n herinneringsete. Dit is ook ’n toekomstete. Dit is die drie sake waarna ons moet oplet.

Die verbond vorm deel van die instelling van die Nagmaal. Die Nagmaal as ’n herinnering gee vir ons die betekenis van die Nagmaal. En waar dit oor die toekoms handel, dan kom ons by God se bevel en belofte uit.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/TettoI>

Ds. Petrus is betrokke by ’n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

**Predikant:**

Ds. Petrus Venter  
012- 3356130  
0847042348 (P) 0845119620(C)  
pjventer@gkpretoria.org.za  
9 de Laan 880  
Wonderboom-Suid  
www.gk-pretoria.weebly.com

**Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)****Vandag-Wyke 14 en 16**

Ouderlinge: Flip Minnaar en Rudolf bester  
Diakens: Abrie Möller

**Volgende Sondag– Wyke 17 en 18**

Ouderlinge: Frank Laubscher en Frikkie van Schalkwyk  
Diakens: Adrianus Coertze en Willem du Plooy

**DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...**

**Sr Jansie van Tonder**, ons oudste lidmaat (102 jaar) se toestand is op die oomblik wonderbaarlik beter. Sy sterk aan in 'n kliniek in Bloemfontein. Ons bid haar en al die familie die Here se nabyheid en ontferming toe. **Br Piet van der Kooi** is wel uit die hospital ontslaan. Hy is nou in Vergenoeg. Ons gebed is dat die Here in die tyd sy hand oor hom en sy geliefdes sal vashou. **Sr Marietjie Minnaar** se rug het met tye ook weer seer begin word. Ons dink aan haar en mag die Here gee dat daar vir haar volhoubaar beterskap mag wees. **Sr Petro Riphagen** word volle herstel toegebied na die trombose in die arm. Dit is nog ongemaklik maar daar is merkbare verbetering. **Br. Lukas Huisman** moet na sy vroeëre terugslag in gesondheid later nog weer vir opvolg-ondersoeke gaan. Ons vertrou dat alles vir hom goed mag verloop. **Br Dries de Ridder** word aan die genadetroon van die Here opgedra en volle herstel toegebied. **Br Jan du Plessis** is besig om na sy knie-operasie te herstel. Dit is maar 'n seer en stadige proses. Ons vertrou dat dit 'n sukses mag wees en hy volkome mag herstel. **Sr Hester van Vuuren** het geval en ernstig seergekry. Haar heup is ook gebreek. Ons dink aan haar en bid dat daar vir haar uitkoms mag wees. **Br Wilie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

**WEBWERF / BAKKIESBLAD**

– Al die jongste preke, gebeure en Krugertjies kan afgelaai word op ons webwerf of op ons facebook: Webblad is <http://bit.ly/XLiTk>  
Facebook is [on.fb.me/14sXfbM](https://www.facebook.com/14sXfbM)

**KOLLEKTE**

<b>Vandag: 1ste diens</b>	DVB	Christelike Onderwys
<b>2de diens</b>	DVB	Instandhouding
<b>30/06/2013 1ste diens</b>	Paul Kruger kinderhuis	Instandhouding
<b>2de diens</b>	DVB	Instandhouding

**DAGBOEK**

DATUM	GEBEURTENIS
<b>21/06</b>	Skole sluit
<b>15/07</b>	Skole begin
<b>19/07</b>	Vergd met deputate Leerstellig
<b>20/07</b>	Diakonie-kamp
<b>22/07</b>	Vergd Deputate Eku-menisiteit

**SUSTERS-BESKUITPROJEK VIR BEJAARDE LIDMATE–**

Met groot dank aan almal wat bestanddele geskenk het, is die susters dankbaar dat dit voldoende is. Die proses om beskuit te bak kon reeds begin...

**SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS**

Daar is nog min reaksie op versoek om blikkieskos en ander nie-bederfbare produkte aan kinderhuis te skenk. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

**DIE EVANGELIE: MATTHEÛS**

*Vervolg van verlede week*

**MATTHEÛS 4:18-22**

4:18-22. Roeping van die eerste Dissipels  
Om die presiese volgorde van roeping aan te dui, is nie waarom dit gaan nie. Die Dissipels en hulle afkoms, maar veral hulle gehoorsaamheid aan die roeping is wel van belang.  
Vissers van mense – Dit is maar een van die beelde wat die latere Apostels se werk teken, soos ook die bevel aan Petrus: “Pas My skape op.” Die beeld van vissers sinspeel op die sorg, geduld en vaardigheid van die visserman, wat die verkondiger van die Evangelie aan die dag moet lê. Uithouvermoë, ontbering en uitputting sou later deel van hulle lewens wees. Die heerlike uitkoms daarvan sou egter die groot vangs wees: God se volk wat vergader word.  
Luk 5:10 meld dat Johannes en Jakobus Petrus se “maats” was. Dit moet dalk eerder beskou word in die sin van vennote of medewerkers. Petrus en Andreas was besig met visvang, terwyl Johannes en sy broer besig was met hulle nette se herstel.

Dat hulle gehoorsaamheid so eenvoudig vermeld word, mag die veronderstelling inhou dat hulle Jesus reeds geken het – hetsy deur Sy prediking of andersins. As mens die volgorde van Lukas sien, lyk dit asof dit Simon Petrus se moeder is wat reeds tevore deur Jesus genees is. Johannes gee ook besonderhede oor die roeping van die Dissipels, in besonder oor Filippus en Nataniël (Bartholomeüs). Van die ander se roeping word, by oor Levi (Mattheüs), elders vermelding gevind.

4:23-25. Opsommenderwys word die begin van Jesus se bediening genoem. Eerstens is daar die verkondiging, dan die wonderde wat dit vergesel het. Jesaja het al geprofeteer van die genesing wat met Hom sal kom. Maansiekies – Volgens Mark 9:14 se beskrywing is dit vallende siekte. In daardie tyd het mense dit verband gebring met die stand van die maan. Dekapolis – Die naam beteken “Tien stede”, en was 'n gebied oorkant die Jordaan. Die tien stede het in 63vC 'n federasie gestig om hulle Griekse kultuur teenoor die Jode te beskerm. Stede wat daarby behoort het, was o.a. Damaskus, Gadara en Filadelfia. Van daar af het mense gekom om Jesus te hoor, net soos hulle vroeër na die Doper gekom het.

**MATTHEÛS 5**

*(Ek gaan van hier af probeer om te sien of dit dalk beter werk om eers my eie verklarings te*

*behandel, en dan as kroon van elke hoofstuk byvoeg wat in Totius se werke gevind word daaroor.)*

**DIE BERGPREDIKASIE (5:1 - 7:29)**

Hoofsake in hierdie predikasie: 1. Jesus bedoel die woorde vir mense wat geroep-enes is, hoewel die wat verlore gaan dit aanhoor tot eie verdoemenis. 2. Hy spreek veral die Israeliete aan, wat onder verleiding van die Fariseërs se valse leer die Wet van God verkeerd verstaan. Hy beklemtoon dat Hy gekom het om die Wet te vervul (5:17). Die Jode se eiegeregtheid word teengegaan. Skynvroomheid word ontmasker. 3. Die mense word geroep tot gehoorsaamheid (dankbare werke wat by die bekering pas).

**TOTIUS, OOR HIERDIE HOOFSTUK**

[ Daar het preke van Totius oor al die saligsprekende bewaar gebly.]

Totius het in “Het Kerkblad” 'n vraag oor prediking geantwoord (1/1/1908). Waar kom preke vandaan? Jesus was Self 'n Prediker, en het die Dissipels voorgestaan daarmee. Luk 4 wys hoe Christus ingeval het by die Jode se gebruik dat die voorganger in die diens in die Sinagoge gelees en gepreek het. Dit vind ons hier in die eerste stadium. So was die profete ook predikers wat God se wil verkondig het. In 'n artikel oor die werk van God die Heilige Gees wys hy ook daarop dat die Gees die prediking inspireer het. Die spreek in tale by die uitstorting van die Gees dui ook al daarop. 5:1 – Oor die Bergpredikasie: Waar Israel so dikwels weg wou breek van die Berg Sinaï, stroom hulle tog nou weer saam na 'n berg, waar ons HERE opnuut die ver-vulling van Sy Wet verkondig. Totius noem die Saligsprekings “wonderskone, diepsinnige” sake. *word vervolg*

**Die omstandighede**

Jesus het dikwels in die vrye natuur gepreek. “Meer as Moses is hier! Daarom moet die hemel sy ore neig en moet die aarde die woorde van Sy mond hoor (Deut 32:1).” Dit is woorde vir alle mense, regverdig en onregverdig, oor hemel en hel – die Koninkryk en die buienste duisternis.

“Bokant Jesus welf die hoë hemel. Voor Hom strek die aarde ver uit. Hy sit teen die helling van 'n berg. Dit is daar dat Hy gaan spreek. Erediens in die ope veld//waar lewe en waarheid ongedeeld, // in eenheid kom van klank en beeld, // in spraak van taal en werklikheid .

*Word vervolg*

**HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-**

31 Mei 1567– Guido de Bres opsteller NGB opgehang ; 31 Mei 1902- Vrede van Vereeniging; 31 Mei 1910– Unie van Suid-Afrika kom tot stand; 31 Mei 1961– Republiek van Suid-Afrika kom tot stand; 1 Jun. 1886– Eerste sooi omgespit van Delagoabaai spoorweg; 5 Jun. 1652– Eerste blanke kind in Suid-Afrika gebore; 10 Jun. 1855-Verkieping J Boshoff pres van die Vrystaat; 10 Jun. 1840- Ds. Dirk Postma geëksamineer en beroepbaar gestel; 24 Jun. 1881– Mev. Maria du Toit (Postma –egg Totius) gebore